

Nuwe sienings oor Leroux se werk

ISTERIE VAN DIE ALCHEMIS deur Charles Malan, aman en Rosseau Academica, prys: R9,95.
spreek deur H. P. VAN COLLER, Lektor in Afrikaans
Nederlands, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

IE ONLANGSE toekenning van die Hertzogys aan Etienne Leroux bevestig weer eens status as ons voorste prosateur. Leroux se erke geniet egter ook hoë aansien in die uiteland en selfs in Nederland word van sy erke voorgeskryf — geen geringe prestasie vir 'n skrywer wie se werke in wese a-polities nie.

Wanneer 'n ontvangs- of resepsieskiedenis van sy werk saamgestel word, lyk egter duidelik op hoeveel vooroordeel en begrip sy werk moes stuit, dikwels ook aan die kant van literatore. Dit is al 'n gemeenskap dat Leroux se esotiese verwysings in 'n mate hiervoor verantwoordelik is.

bedrieglik oop bo wat die meeste van sy kenmerk, is dikwels voor verantwoordelik die verwikkelde te-struktuur verborge en dat 'n werk soos Die gu byvoorbeeld, deur kritikus afgemaak is as "eendsterte se bedryfheide". Omdat Leroux werke verder 'n sterk leese en satiriese in- het wat 'n skynbare tiwiteit van waardes gevolg het, is van sy ke in die verlede ver- as boos, sedeloos en ens. Alleen al om die misverstande uit weg te ruim is dr. les Malan se eksege- inleiding tot Leroux egedelige romansik- verwelkom. Malan in Misterie van alchemis ten doel om skematiese oorskou- van Leroux se oeuvre te stel waarin die val op tematiese, ese en lewensbeskou- aspekte.

Naslaanwerk

alan se studie is dus 'n strukturele analise omdat hy konsentreer die verkenning van ysingsvelde, meestal interpretatiewe en toe- nde wyse, soos hy dit stel. Malan wil met sy 'n nuttige naslaan- daarstel en dit gee oor om meer as net 'n ding te wil wees nie. die term behoef na-



ETIENNE LEROUX

bluffend helder te ver- woord.

Malan se werkwyse is basies die volgende: Na 'n oriënterende inleiding waarin hy sy benaderings- wyse uitstippel en 'n kort karakteristiek van Leroux se werk gee, gaan hy oor tot interpretasie van die afsonderlike werke. Die verhaal word telkens kernagtig opge- som waarna van die ver- wysingsvelde blootgelê word soos onder andere die mitoreligieuse en psi- gologiese substrata. By geleentheid gee Malan ook enkele aanhalings uit buitelandse kritiek om sy evaluatiewe opmerkinge in breër verband te plaas. Ten slotte word die psi- gologiese teorieë van Jung nader bekyk omdat die

tereg die artistieke histo- rikus van ons tyd ge- noem."

Om Malan se interpreta- sies van afsonderlike werke telkens op die voet te volg en in geding met hom te tree, sal myns insiens 'n studie van dieselfde omvang tot ge- volg hê. Maar terselfder- tyd glo ek dat dit onreg- verdig is om met metodo- logiese besware te vol- staan sonder om sy inter- pretasie van die afsonder- like werke in berekening te bring.

Die eerste siklus

Leroux se eerste trits bevat van sy eenvoudiger werk en veral Die eerste lewe van Colet behoeft nie so veel verklaring as late- re werke nie. Tog slaag Malan daarin om veral wat Hilaria betref 'n hele klomp nuwe inligting te verskaf soos in die geval van die misterieë van Eleusis. Hy toon ook oor- tuigend aan hoe verskeie elemente wat later tot motiewe uitgroei in Le- roux se oeuvre reeds in kiemsvorm in Hilaria aanwesig is. Met Malan se optimistiese lesing van die slot van Hilaria is ek dit nie eens nie, vanweë die feit dat Colet se her- ofese sterwe erg gerelati- veer word deur byvoor- beeld die feit dat die tydelike opwel van chao- tiese magte summier ge- stop word en dat oplaas slegs 'n paar blommetjies op sy graf sy sterwe ge- denk. Vir die gemeenskap beteken sy sterwe myns insiens heel weinig — Gysbrecht sal later leer dat roemlose voortlewe en voortsiek die enigste op- lossing bied. Malan bring in sy bespreking van Die Mugu nie veel nuuts na vore nie, maar slaag ni- temin daarin om verskeie (dikwels kontrasterende) interpretasies tot integra- sie te bring. Persoonlik sou ek verwysings na die jongste geautoriseerde (hersiene) uitgawe ver-

„wye blik", maar slaan myns insiens primêr op die verband met Balder, die Skandinawiese god, prototipe van Christus, wat so tot stand kom. Ook die hele vegetasiekultus wat sodoende betrek word, skep die verwagting van hergeboorte wat sal volg, en dit gebeur inder- daad in Isis Isis Isis.

Hoewel Malan beweer dat Isis stiefmoederlik deur die kritici behandel is, is hy blykens sy korter- ge bespreking daarvan self nie heeltemal oortuig van die literêre geslagd- heid daarvan nie. Dit is ironies dat dit juis 'n koerantresensent (Rob Antonissen, Die Burger 13.12.1969) is wat na my wete die indringendste bespreking van die werk lewer.

In sy bespreking van Na'va kom Malan tot die

gevolgtrekking dat die vraag wat in Na'va beant- woord moet word die vol- gende is: „kan iets soos die groot Hindoe-mite van dood en herlewing wat mekaar veronderstel, 'n eenvoudige gestalte vir ons era of wêrelddoel ver- kry?" (p. 145). Malan kom in sy ontleding van Na'va tot verrassende en gedur- de gevolgtrekkings. Hier- die ontleding is 'n goeie voorbeeld van Malan se vermoë om 'n onafhank- like siening op oor- tuigende wyse te ver- woord.

Misterie van die alche- mis is 'n ambisieus stuk werk wat getuig van in- dringende navorsing en 'n besondere vermoë tot in- tegrasie. Dit is hoeg- naamd nie bloot same- stelling van bekende insigte nie maar is ook 'n onaf- hanklike visie op Leroux se werk. Ten spyte van die genoemde gebreke is dit 'n werk wat vir die student en doent van besondere waarde kan wees.

deres presisering. Ek interpreteer dit as 'n inleiding wat die visier rig op die bo-gemiddelde student in die wye sin van die woord, 'n uitgangspunt wat ook duidelik ten grondslag lê aan Frank C. Maatje se Literatuurwetenskap en R. P. Botha se Generatiewe taalonderzoek — 'n sistematiese inleiding wat as inleidende studies ook vir die leek haas ontoeganklik is. Dit is ook die geval met Malan se studie alleen al vanweë die metataal waarvan hy hom bedien. Malan kon sy leserstal wel aansienlik uitgebrei het en daarmee saam die waarde van sy werk verhoog het, indien hy noulettender op sy styl was.

'n Mens het begrip vir die moeilikheidsgraad van die stof wat hy hanteer, ook vir die feit dat Malan in baie gevalle Afrikaanse terme moes skep vir begrippe uit die psilogie en alchemie. Tog is sy styl dikwels onnodig gdrawend en by tye s onverstaanbaar. Om net een willekeurige gekose sitaat te volstaan:

„Die aansluiting by die sigologiese infrastruktuur is daarvoor verantwoordelik dat die formele eslag op epiese vlak eurentyd lyk na afwisselende magneetpolariserings van aantrekking en afwerping. Benader jy die geheel versubjektiverde tydruimte semioties, vind jy soos by Butor besondere vergelykings in kontinuiteit en discontinuiteit. Assosiasies stromonk ad infinitum aan mekaar binne die innerlik-milieus, maar telkens ad 'n streng formele greep in die fluidum was. Ná 'n uitputtende, ryklik lonende leesuur die roman, moet voel: as Y nie 'n middel tussen die noëtiese die intuïtiewe kan vind e, kan niemand (p.132)

Nuttig

Die alleen verdien verliese aspekte wat hier gesny word nadere ligting nie, maar bly in feite nikseggend dat dit nie in die teks waargemaak word 'n Tematiese benaming soos die van Malan ongelukkig die gevolg daar dikwels nie gesaam by die werk self ekom word nie. Malan gter wel in staat om ter te formuleer en g by tye daarin om die ilikste begrippe ver-

naad. Deur omdat die Jungiaanse grondplan sentraal staan in Leroux se oeuvre. Ek glo dat hierdie hoofstuk veral baie nuttige inligting vir studente bevat.


Malan se volledige bronverwysing verdien vermelding omdat dit vir enige Leroux-navorser van onskatbare waarde is. Nie alleen word verwys na 'n magdom boeke en artikels nie, maar daar word ook 'n volledige opgaaf gegee van Leroux se eie publikasies. 'n Mens moet ook waardering hê vir die feit dat Malan daarin geslaag het om hordes Leroux-proefskrifte en verhandelinge op te diep uit stofbedekte kaste en die dikwels belangrike bevindinge wat daarin voorkom, organies deel te laat word van sy werk. Daarom vind ek dit jammer dat Malan besluit het om koerantresensies nie te erken deur middel van verwysings nie. Dit is vir my totaal onduidelik waarom koerantresensies so uitgesonderd word. In 'n resensiegeskiedenis van Leroux se werk blyk juis in hoe 'n mate koerantresensies rigtinggewend was in die kritiek. Dit is opvallend hoeveel eksegetiese studies in feite terug te voer is na koerantresensies en hoe baie eksegetiese studies, wat veel uitgebreider is, vroeëre resenente se onmiddellik verwoorde opinies bevestig. Sodoende oordeel 'n resensiegeskiedenis ook oor literatore.

Daarom betreur ek dit dat toonaangewende Leroux-kritici soos Brink, Van Rensburg, Antonissen en Van der Walt se belangrike werk sodoende van die tafel gevee word en dat ander — liefse ongenoemde — kritici se blapse ook nie aan die groot klok gehang word nie. Die miskenning van koerantresensente het die verdere gevolg dat van hul belangrike uitsprake ook nie spesifiek erken word nie. Hier kan 'n mens dink aan F. I. J. van Rensburg wat die eerste gewys het op die sikliese bouprinsipe in Leroux se werk, 'n uitspraak wat ook 'n ander benadering ten opsigte van Leroux se werk tot gevolg gehad het. Waar die term siklus in Malan se werk al as aksio-ma hanteer word, verdien Van Rensburg myns insiens meer erkenning veral daar van sy uitsprake sonder erkenning neerslag vind in Malan se werk (vgl. p. 133: „Leroux is al

(hersiens) uitgawe verkies, ook aangesien die nuwe bladsy-numering die verdeling van die werk en die strukturele implikasies daarvan duideliker laat blyk.

Die tweede siklus

Malan se geheelinterpretasie van die tweede siklus is myns insiens die



hoogtepunt van hierdie inleiding omdat hy daarin slaag om in hierdie drie boeke, wat al stofgetrap is, nog onontginde stof uit te diep en nuwe verwysings bloot te lê. Hier verwys ek net na die sewe verwysingsvelde in Sewe dae by die Silbersteins wat in detail bespreek word, die Faustus-motief wat blyk van groot belang te wees in die groter siklus, ter sake inligting in verband met die Kabbala ensovoorts. Dit lyk my egter nie geregverdig om summier die afleiding te maak dat omdat Jung glo „dat ware religieuse assimilasie vir die Westerse mens in sy Judaïes-Christelike erfenis te vind is“ (p. 55), Leroux dieselfde mening toegedaan moet wees nie. Malan bewys egter op oortuigende wyse dat Die derde oog wel 'n religieuse boodskap bevat. Hoewel Malan swaar steun op vroeëre eksegete kom hy tog ook weer eens te voorskyn met nuwe insigte. In hierdie verband kan gewys word op die besondere manier waarop hy Dante se La divina commedia as verwysingsveld in Die derde oog-bespreking betrek. In die proses gaan hy veel verder as Smuts en Mouton wat dié verwysingsveld al eerder aangeroei het.

Die derde siklus

Malan erken sy skatpligtigheid aan Berner in sy interpretasie van die sigologiese substratum in 18-44. In die geheel gesien, is sy ontleding van hierdie uiters kompleks gestruktureerde boek 'n knap stuk werk. Weer eens stem ek nie in alle opsigte met Malan saam nie. „Breidablick“ beteken vir Berner en Malan